

**Saterdag 29 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 119:17-24 (AFR2020); NGB Artikel 7 (eerste twee sinne)**

**Fokusgedeelte: Psalm 119:24**

**Vind jou vreugde in God se rigtingwyser vir jou lewe**

Die wêreld is vir die gelowige 'n vreemde en gevaarlike plek. Die oomblik toe ons deur die Heilige Gees vernuwe is, het ons vreemd geraak vir die wêreld en die wêreld vir ons. Ons dink nie meer soos ongelowiges rondom ons nie. Ons tree nie meer so op nie. Ons het ander beginsels en vertrekpunte. En hoe meer ons na die beeld van Christus omvorm word, hoe vreemder raak ons vir die wêreld. Hulle weet nie meer wat om met ons te maak nie. Ons is die "odd ones out". En natuurlik spreek ons optrede hulle sondige gewetes aan. Daarom is ons vir die wêreld 'n probleem. Dit wil ons nie hier hê nie. Ons is nie meer welkom nie. En die wêreld maak geen geheim van sy vyandigheid teenoor gelowiges nie.

Ons benodig dus 'n betroubare padkaart of GPS om ons veilig deur hierdie lewe te lei. Ons het 'n rigtingwyser nodig om ons op die regte koers te hou, weg van die slaggate en moontlike afdraaipaadjies. Ons het 'n GPS nodig wat nie van hierdie wêreld is nie – en dit is presies wat ons het in die Woord van God. Terwyl die digter 'n verskeidenheid verskillende woorde gebruik, is hy in wese besig om die volheid van dit wat God aan ons openbaar het, te omskryf. (Dit is natuurlik nie moeilik om hier die sprong te maak na Jesus as die mensgeworde Woord wat God nog meer duidelik aan ons kom bekendmaak het nie! Sien Joh 1.1-4.) God se Woord is ons betroubare raadgewer. Dit hou ons op koers. Dit hou ons staande te midde van minagting en bespotting. Dit hou ons regop te midde van direkte en openlike aanvalle op ons geloof.

Laat ons opnuut soos die digter verwonderd staan en erns maak met die Woord. Laat ons daarna smag met ons hele wese. Laat ons ons vreugde daarin vind, want dit is God se betroubare rigtingwyser vir ons lewe!

*Sing: Psalm 119-1:7, 8*

*Ds. BA van der Walt (Banie) (Paarl)*